## Lesing 6 van 12.06.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008/9

### Laaste opdrag en Gelofte te Kerkplein:

Die finale poort was Kerkplein in Pretoria. Dit is bereik so ongeveer 08h00 die oggend. Voordat die Plein ingery is, het ons gestop, gebid en is alle vensters toegemaak, in opdrag van Jahshua.

Met lofsange onder begeleiding van kitare, het ons sewe maal om Kerkplein gery vanaf die Noordelike ingang. Die "*Oorwinningslied*", "*As die Magtige van Jakob*", *sowel as* "*My Koning Jahshua*" en "*Deur Jahshua sal ons triomfeer*" was van die liedere wat ons gesing het. Tydens die opdrag is gemerk dat daar net heraldiese wapens op die suidelike betoningangspoorte was en Jahshua het bevestig dat ons daar moes ingaan ná die sewende keer wat ons om die Plein gery het. Die wapens was bekroon met 'n kasteel op die linkerpilaar en 'n leeu op die regterpilaar.

Daarna het ons Kerkplein betree, waarna daar gesoek is na die woorde: "*Eendragt maakt Magt*", aangesien Jahshua opdrag gegee het dat hierdie woorde herdoop moet word na "*Eendrag in Jahshua maak Mag*". Dit is aan die Noordelike sy van die middelste vierkant gevind, aan die voorkant van die Paul Kruger-standbeeld. Dit was egter nie 'n aparte steen nie, maar klein onder die Transvaalse wapen op die grond in 'n granietblok wat in die plaveisel ingelê is, gegraveer.

Hier is die Gelofte vir die derde maal afgelê, met ons regterhande in die lug. Jahshua het geopenbaar dat Hy self die plek van Paul Kruger in die volk ingeneem het. Daar is gebid en Jahshua het die hart weer aan Pieter gewys wat volkome goud geword het, nadat dit 'n laaste maal gesalf was. Johannes het olie oor die kromming van die leuse "*Eendragt maakt Magt*" gegiet en daarna die leuse met sy vinger gesalf, waar hy sê dit gevoel het asof Jahshua sy

vinger deur die olie oor die kromming van die leuse getrek het. Op die laaste woord het Jahshua hom gevul met groot krag, volgens sy belewenis.

Terwyl dit gebeur het, moes ons almal ons hande op die steen lê en die woorde *"Eendrag in Jahshua maak Mag"* uitspreek. 'n Bossie blomme van die Magaliesberge is deur Madeléne op die gesalfde woorde geplaas, soos deur Jahshua opgedra. Hierdie perseel het die Suide van die hart voorgestel, wat in geestelike simboliek die WAARHEID beteken. Hierna is teruggekeer na die voertuig.

### Jahshua as twaalfde persoon teenwoordig:

Vreugde het ons harte gevul, omdat alles so rustig en suksesvol verloop het. In die voertuig, toe almal hul sitplekke ingeneem het, het ons almal gelyktydig 'n voetganger langs die bussie opgemerk. Hy was ten volle geklee in swart slenterdrag – 'n swart langbroek, swart skoene en 'n moulose swart hempie. Die treffendste was egter sy ruie bruin baard, vrolikheid van hart en die selfversekerde houding waarmee hy geloop het.

Hy het donkerbruin hare en effens ligter baard gehad met helderblou oë. Die baard was egter volrond aan alle kante, sodat die mond glad nie sigbaar was nie. Hy was skraal, ongeveer ses voet lank met 'n uitdagende, vrolike stap, soos 'n trotse leeu-mannetjie. Met sy eerste treë verby ons bussie het hy reguit na Pieter gekyk en met glimlaggende oë gesalueer. Soos wat hy aangeloop het, het hy slegs na ons gekyk, al het dit gevaarlik gelyk tussen al die verkeer. Niemand het toe gewis wie hierdie merkwaardige persoon was nie. Die voorkoms was te gewoon ("common" soos ons sê)

Die volgende dag het Jahshua aan elkeen van ons wat gevra het, bevestig dat hierdie persoon Hy Self in lewende lywe was wat ons gegroet en met "Welgedaan!" gesalueer het – werklik die Leeu

van Judah wat langs ons geloop en ons dade betrag het, presies soos in die Gelofte-diktaat! Hy het ook beaam dat niemand buiten ons Hom kon sien nie, daarom het dit ons aandag getrek, want selfs nie eers die swartes in verbygaande minibusse het 'n oog verroer met sy verbygang nie. Dit het "so vinnig gebeur" dat niemand geleentheid gehad het om in sy hart vrae te vra of te reageer nie.

Na die Kerkplein opdrag is aan Jahshua gevra wat almal verder te doen staan. Jahshua het geantwoord dat almal moes terugkeer na die Herberg, na Sy Huis toe, waar Hy verder met almal sou wees. Met ons vertrek vanaf die plein het ons die loflied *"Dankie, dankie Jahweh"* gesing.